

NUUS VAN DIE SUSTERS

KOEKSISTERS

Die susters bak **Dinsdag, 19 Februarie 2013** vanaf 8:00 - 13:00
Susters wat gereeld help, teken asb. die datum aan. Almal is welkom om te kom help. (Dis eintlik 'n verskoning vir die susters om te kuier!)
Baie dankie by voorbaat vir alle donasies
Kontant - Merk **KOEKSISTERS/Bestanddele: Meel/suiker/olie-kombuis Bets (018 468 1538/084 257 9481)**

SUSTERSAAMTREK

Saterdag, 9 Maart 2013 om 9:00
Gereformeerde kerk Bult, Molen straat, Potchefstroom
As jy saamgaan: Skryf jou naam op die lys in die voorportaal asb.

SUSTERSVERGADERINGS

| DATUM(Woensdag) | Maand - BESTUURSLID AAN DIENS | WYKE |
|------------------|-------------------------------|--------|
| JANUARIE | Kotie + Bets | GEEN |
| 6 Februarie 2013 | Kotie Oosthuizen | 5 & 25 |
| 6 Maart 2013 | Santie v d Westhuizen | 6 & 20 |


55 PLUSERS

Datum: **Vrydag, 8 Februarie 2013**
Tyd: 18:30 **Alle nuwe 55 plussers is baie welkom!**
Plek: Kerksaal
Kom wys vir ons 1-3 artikels (Wat op 'n tafel uitgestal kan word) wat vir **JOU** waarde het in jou huis. **Bring saam: R5 p.p. om ons 'kitty' op te bou! / 1 Bordjie eetgoed soet of sout, drinkgoed, eetgerei + jou 1-3 items!**
(Let Wel Datum vervroeg - 23 Feb. verval)
Charl & Daleen 083 383 8024 Chris & Ansie 083 225 9992
Skryf jou naam op die lys in voorportaal of konsistorie as jy wil bywoon.



PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK
Vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk
Corrie Botha 083 429 4824

Gedagte vir die week: Psalm 3:9
Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale” [Psalm 150:5]
Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord
[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 8 Sondag, 27 Januarie 2013 Nummer 3

PREKE VANDAG

Oggenddiens:
Tema: Jesus is die brandende bos
Voordat ons die Here kan gehoorsaam is daar twee vrae wat ons eers moet antwoord.
Wie is ons? En wie is Jesus?

Ontmoetingsdiens
Die votum en seën
Ons loof God: **Psalm 89:1 (444)**

Verootmoedigings- en versoeningsdiens
Ons bely ons geloof
Ons luister na die wet van die Here
Ons antwoord op die wet:
SB 9-3:1 & 2
Ons bid saam
Ons sing saam: **Psalm 2:6 (7)**

Woorddiens
Die Here praat: Eksodus 3:1-14
Teksters: Eksodus 3:2
Preek
Antwoorddiens:
Psalm 48:1 (243)
Die Here seën ons



Ds. André de Jager

Aanddiens:
Tema: Wag met krag en geduld op die voltoering van God se beloftes

Teks: : Josua 14:6-15
Teksters: Josua 14:12
Heidelbergse Kategismus Sondag 48

As ons ons oë op die Here en Sy beloftes hou en leef volgens die krag van Sy beloftes, veral in Jesus Christus, sal ons met volharding kan aanhou om die Here te dien in alle omstandighede omdat ons Sy krag ken.

Psalm 18:1 (78)
Psalm 68:1& 2 (330)
Psalm 145:1 & 2 (696)



2. SIMBAAL Sondag, 27 Januarie 2013

| KOLLEKTES | | |
|--|-----------------------------|------------------|
| DATUM | BY DIAKENS | SAKKIES BY DEURE |
| 27 Januarie | Barmhartigheid | Teologiese Skool |
| GEMEENTEPROGRAM: Sondag, 27 Jan - Saterdag, 2 Feb 2013 | | |
| Sondag, 27 Januarie | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag, 27 Januarie | Aanddiens | 18:00 |
| Sondag, 27 Januarie | Katkisasie | 10:30-11:15 |
| Maandag, 28 Januarie | Breë Kerkraad - vergadering | 18:00 |
| TEESKINKBEURTE | | |
| Sondag, 27 Januarie 2013 | Wyk 18 & Wyk 19 | |
| Sondag, 3 Februarie 2013 | Wyk 20 & Wyk 21 | |



BYBELSTUDIE

SONDAG, 27 Januarie 2013: 19:00 – konsistorie. (*Hebreërs*)

WOENSDAG, 30 Januarie 2013

- **10:00** - konsistorie. (*Lukas*).
- **18:00** - konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

LIEF EN LEED

- **Tannie Shirley Jooste** kry DV volgende Donderdag 'n knie vervanging. Ons bid dat die operasie goed sal afloop. Baie sterkte. (Wyk 19 – Tel: 083 290 4416/018 468 2633)
- **Melissa Kruger**, dogter van **Edwin en Elmarie Kruger** en kleindogter van **Piet en Gerty Kruger**, het haar B.Sc. graad in Omgewings en Biologiese Wetenskappe behaal en is gekeur vir Honneurs in Omgewings wetenskappe - Haar studieveld is Biodiversiteit en Bewaringsekologie. Baie geluk Melissa! (Wyk 4 – Tel: 018 468 3351)

Diakonale hulpfonds

Die **Diakonie** wil graag hul opregte **dank en waardering** uitspreek teenoor elke **lidmaat** wat 'n **bydrae** gelewer tot die Diakonie se Hulpfonds. Ons was tot hede in staat om R9620 in te samel wat ons in staat stel om waardevolle hulp te verleen aan lidmate in nood.

3. SIMBAAL Sondag, 27 Januarie 2013

Die **Kuratore** het versoek dat gemeentes die volgende in hul nuusbriewe sit:
NWU SE UNIPREP-PROGRAM GEE TOELATING TOT BTH EN KANDIDAATSTUDIE

Die Uniprep-program is deur die NWU ontwikkel as oorbrugging vir persone met 'n Senior Sertifikaat wat nie aan die toelatingsvereistes vir BTh-studie voldoen nie. Die kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom het met groot vreugde hiervan kennis geneem, aangesien die Uniprep-program die predikantstudie vir meer persone toeganklik maak. Die studie duur een jaar en word deur middel van interaktiewe witbord-sessies by 37 sentrums landwyd aangebied. Studente wat die Uniprep-program suksesvol voltooi het, kry in die BTh erkenning vir die Teologie-modules wat as deel van die Uniprep-program voltooi is. Aansoeke vir 2013 sluit 31 Januarie 2013. Die koste wat alle studiemateriaal insluit, is R8065. Dit word deur die NWU se Eenheid vir Oop Afstandsleer aangebied en belangstellendes kan hulle gerus kontak by 018 285 5900 of DistancePotch@nwu.ac.za vir meer inligting.

BEROEPE: GEREFORMEERDE KERKE

BEROEPE ONTVANG

Proponent N Murambadoro na Ontdekkers opdrag kerkplanting Reformed Church Roodepoort.
Proponent MPA Venter na Vryburg.

BEROEPE AANVAAR

Dr JH Howell van Heidelberg na Die Kandelaar.
Ds TJ Moletsane van Boichoko na Sanveld.

Proponent N Murambadoro na Ontdekkers opdrag kerkplanting Reformed Church Roodepoort.
Proponent MPA Venter na Vryburg.

Nuus vir die nuusbriewe:

Asb. voor 17:00 op Vrydae: betsdelang@gmail.com 018 468 1538/084 257 9481

VERJAARSDAE

| 27 Januarie 2013 – 2 Februarie 2013 | | | |
|-------------------------------------|-----------------------------|--------|-----------------------------------|
| 27 Jan | Adriaan J van Ryssen | Wyk 12 | 083 675 6118 |
| 30 Jan | Kotie Oosthuizen | Wyk 19 | 082 808 5062 |
| 31 Jan | Kotie Bester | Wyk 11 | 018 468 6159/ 072 145 8815 |
| 2 Feb | Maryna Scheepers | Wyk 23 | 018 477 1883/082 344 3535 |
| 2 Feb | Monique Scheepers | Wyk 19 | 072799 9782 |

Die gemeente wens al die lidmate wat hierdie week verjaar 'n voorspoedige en geseënde nuwe lewensjaar toe.
Mag die Here julle in sy hand hou.

